10 Mar

Uitgawe 2010/03/10

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Mensekind, Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku. (**Eseg.3:17**). Ons moet die goddelose en die regverdige waarsku wanneer God dit van ons verlang. Dikwels dink ons dit is die plig van gebedsgroepe of ouer mense om vir die groter Liggaam van Christus te bid of selfs vir enige ander gebedsversoek. God het ons elkeen geroep om waaksaam te wees en om teen enigiets te bid wat die groei van die Koninkryk van God wil verhinder. Moenie huiwer of dit aanskuif na 'n ander tyd nie, maar vandag wanneer jy 'n oomblik het, staan voor God in gebed en vra Hom om jou toe te laat om te sien wat Hy sien. Bid dan in daardie situasie in volgens Sy Woord en die werking van die Heilige Gees. ***Vader vergewe ons vir die kere wat ons gebedslewe afgeskeep word. Open ons oë om deur U oë na situasies te kyk en help ons om situasies te verander soos ons gebede aan U offer.***

Deurbraak : Duisende aanvaar Christus na die aardbewing

Sedert die aardbewing in Januarie het sowat 40 127 Haitiane Christus aanvaar. Mense het in die strate gesmeek vir God se vergifnis en genade. Selfs in Februarie gedurende 'n stedelike vakansiedag viering in Cap Haitien het duisende die strate gevul en God se aangesig gesoek en gevra dat Hy hul sal spaar daarvan wat in Port-au-Prince plaasgevind het. Die totale aantal persone wat Christus aangeneem het, is geskrewe verslae van kerke en pastore wat na die hoof van bediening aangestuur is. Die plaaslike sendelinge stuur getalle aan van mense wat Christus aangeneem het en gedoop is as deel van hul verslae van die ramp ondersteuningsbediening. (Webruimte: http://www.bpnews.net/bpnews.asp?id=32370&ref=BPNews-RSSFeed0225, 25/02/10). ***Prys en dank God vir die manifestering van Sy teenwoordigheid en vir die vernuwing van Haiti.*** (**Ps.104:30**).

Bid vir jou gemeenskap : Tronke

Geweld breek gereeld in tronke uit. Bewaarders kan nie voorbly om die skare te beheer nie en sommige kere lei onderonsies tot die dood. Gevangenes en bewaarders is gevul met angs en vrees, die enigste fokus – om te oorleef. ***Bid asseblief vir die gevangenes en bewaarders in die tronk wat naaste aan jou geleë is. Vra die Here om hulle te bewaar teen geweld en mishandeling. Vra die Here om die mag van duisternis in tronke te breek – bid dat Hy die waarheid en lig sal stuur en lewens verander. Bid vir 'n geestelike ontwaking in die harte van die persone in die tronk(e) naby jou.***

Suid-Afrika : Moontlike middelpunt in dwelmhandel

Suid-Afrika loop gevaar om die middelpunt van dwelmhandel te word. Sindikate in Wes-Afrika het die afgelope tyd groot dwelmhandelaars geword na Sentraal-Amerikaanse dwelmbase van hulle begin gebruik gemaak het weens die risiko op die tradisionele roetes. Toenemende toesig op tradisionele roetes is een van die redes hoekom hulle nie meer winsgewend was nie. Wanneer die nuwe roetes in Wes-Afrika deur owerhede onder beheer gebring word, sal dwelmbase na alternatiewe soek. Suid-Afrika mag dalk die volgende opsie wees. (Webruimte: http://www.news24.com/Content/SouthAfrica/986/4cb50a6fe82544f4aa8cc1c840b549f7/04-03-2010-10-43/Fears_SA_becoming_a_drugs_gateway, 04/03/10). ***Staan voor God in gebed vir hierdie situasie. Vra die Here om elke werk van die duisternis wat gekoppel is aan dwelmhandel in Suid-Afrika aan die lig te bring. Bid dat geregtigheid by elke hawe en lughawe in Suid-Afrika sal geskied . Bid dat owerhede nie betrokke sal raak by omkopery of enige vorm van korrupsie nie.***

Internasionaal : Nigerië

Ten minste 500 mense is Sondag doodgemaak tydens 'n bakleiery in die gemeenskap naby Nigerië se sentrale stad Jos, wat 'n vorige dodetal van 100 hersien. Moslem herders het n Christelike dorpie naby Jos binnegeval, en 200 mense doodgemaak. Geweld is algemeen in Plateau State, waar die inheemse Christene al 'n geruime tyd met Moslem immigrante in 'n stryd gewikkel is oor hulpbronne. Meer as 300 het in Januarie gesterf, nadat jeug bendes in Jos teenoor mekaar in opstand gekom het. (Webruimte: http://www.news24.com/Content/Africa/News/965/b91c146b126646acb1582838f733392a/08-03-2010-09-10/Nigerian_massacre_toll_hits_500, 08/03/10). ***Bid asseblief vir alle gelowiges in Nigerië. Bid dat hulle sterk sal staan in hul geloof en sal toelaat dat God hul stryd baklei. Vra dat God die Vader Homself en Sy Seun wie Hy gestuur het sal openbaar aan die Moslem herders en andere van dieselfde geloof.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com